Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

16 Januarie 2017

NUUSBRIEF 2

Geagte Ouers

TELEFOONPROBLEME
Ons ondervind probleme met ons telefone sedert die skole weer begin het. Die probleem is aangemeld en ons wag dat Telkom dit herstel. U kan intussen deur middel van e-posse met ons kommunikeer.

VERSPREIDING VAN WEEKLIKSE NUUSBRIEWE
Ons weeklikse nuusbrief word Maandae per e-pos versprei. Indien u nie die elektroniese nuusbrief ontvang nie, stuur asseblief vir ons 'n e-pos sodat ons u besonderhede kan nagaan. **Sou u die nuusbrief as harde kopie per hand wil ontvang, moet u u oudste/enigste kind se klasonderwyser skriftelik in kennis stel daarvan.**

OUERAAND GRAAD 2 EN 3 – 18 JANUARIE 2017 OM 18:00
Graad 2 en 3 ouers moet asseblief kennis neem dat hulle oueraand op eerskomende Woensdag, 18 Januarie 2017 om 18:00 **in hulle onderskeie klasse** plaasvind en nie in die skoolsaal nie. Parkering op grasperk, ingang 30ste Laan.

Na aanleiding van vele navrae sal ons nuwe snoepie eienaar/huurder, Erica van Schalkwyk, Woensdagaand tydens die oueraand beskikbaar wees vir enige ouernavrae i.v.m. produktereeks, voorsiening van pousebroodjies, voorskoolse bestellings ens om pouse se lang rye te voorkom.

ATLETIEK
Oefentye is as volg:
Maandae en Woensdae 13:45 tot 15:00 - Velditems
Dinsdae en Donderdae 13:45 tot 15:00 - Baanitems
Maandae **tot** Donderdae 16:00 tot 17:00 - Middelafstande

Ons volgende atletiekbyeenkoms vind op Donderdag, 19 Januarie 2017 by Laerskool Voorpos plaas. Alle atlete wat deelneem sal 'n brief mét die program ontvang.

REVUE

Die tweede oudisie vir die Seniors (Gr 5 – 7) vind op Woensdag, 18 Januarie 2017 om 13:45 in die skoolsaal plaas. Die oudisie is slegs vir die leerders wat in November deelgeneem het en op die lys verskyn. Die leerders wat daardie dag afwesig was asook enige nuwe leerders in bogenoemde grade mag deelneem aan die tweede oudisie. Die naamlys van leerders wat mag deelneem sal op Dinsdag, 17 Januarie 2017 buite Me Kotze se klas op wees. Hierdie leerders moet dan seker maak hulle kry ‘n brief by Me Kotze in die klas.

Die Juniors (Gr 1 – 4) se tweede oudisie sal op Maandag, 23 Januarie 2017 om 13:45 in die skoolsaal plaasvind. Al die Gr 1-leerders sowel as nuwe leerders wat vanjaar in die skool gekom het, mag deelnaam aan die oudisie. Die leerders wat deur gedring het om deel te neem aan die tweede oudisie sal per hand ‘n brief ontvang.



Villiesgroete

D P HAASBROEK
HOOF

Snoepie Nuus

Erika: 083 635 7633
Oop daagliks vanaf 6:30 tot 16:30 (vanaf 2uur oop by oorbaan snoepie)

Ons verkoop heerlike, gesonde kos daagliks:

Roosterbroodjies: R12 -R16,
Burgers, Wraps, Slaaie: R16
Vars gebakte muffins: R8-R12
Pasteie: R12-R14
Vars Broodjies: R15

En natuurlik is daar altyd ietsie vir die soettand!

Ouers is baie welkom om soggens voorskool vir u kind 'n bestelling vir pouse of naskool te plaas sodat hulle nie eers in die ry hoef te staan nie.

Indien u kind deelneem aan sport – bestel 'n kospakkie by ons wat dan direk na skool gereed is vir hom/haar om te kom haal.

Ons beplan om ook binnekort 'n kaart sisteem beskikbaar te hê u gerief.



Goeie nuus vir al die besige mammas!

Ons bak "cup cakes" en maak verjaarsdagpakkies op volgens u versoek **EN** lewer dit sommer af by u kind se klas.
Kontak ons gerus vir meer besonderhede en pryse.

Ons is baie opgewonde om deel te wees van die Villieria familie en sien uit om heerlik met u saam te werk!!
Erika en Alishia